# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

15 September 2025

Uitgawe 29



**Vers vir die week:**

Johannes 13: 14 – 15

"As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."

## Uit die hoof se kantoor:

Verandering is 'n woordjie wat ons die laaste vyftien jaar baie hoor en baie mee te doen kry. Veranderinge in die wêreld, veranderinge in ons land en ook veranderinge in ons skool. Verandering wat positief, is dui op groei en vooruitgang. By ons skool het ons die laaste jaar en 'n half die volgende veranderinge gesien. Hierdie is om net 'n paar op te noem.

Die skool het hekkies aangekoop vir die atletiek en die atlete kon aan hierdie item deelneem. Die paviljoen is verander en "clearview" is voor die paviljoen aangebring. Die saal is verander om dit meer uitnemend te maak. Groot digitale skerms is in klasse opgesit wat ons op akademiese gebied uitsonder. Die plan is om in 2026 nóg skerms aan te koop. Twee nuwe klaskamers word aangebou om die groter leerdergetalle in die skool te akkomodeer. Die grootste projek in die skool se geskiedenis het afgeskop naamlik die multifunksionelebaan, wat die sport tot nuwe hoogtes gaan neem. Daar is 'n Sporthoof en Kultuurhoof aangestel om kommunikasie rondom sport en kultuur net meer vaartbelyn te maak. 'n Senior Revuegroep is op die been gebring en het hierdie jaar derde geëindig by die Tswhane Youth Festival in die afdeling vir beginners.

Ongelukkig is daar ook groeipyne saam met verandering. Sommige mense hou ook niks van verandering nie. Ek wil u tog uitnooi om saam met ons die wa vorentoe te trek, soos wat 90 % van ons ouerkorps en personeel reeds doen. Sonder verandering, sal ons stagneer en nie bybly met die hedendaagse vereistes in ons samelewing nie.

Sterkte vir die week wat voorlê!

Mnr. Gerhard Engelbrecht

# TENNIS

Op Maandag, 8 September 2025 het ons dogterstennisspanne weer hul beste op die bane gewys.

Die o/13-dogters het dapper gespeel, maar ongelukkig teen Laerskool Die Poort met 13 punte verloor.

Die 0/11 dogters het egter uitstekende spel getoon en Laerskool Garsfontein met 11 punte geklop.

Met net twee wedstryde oor in die liga, sien ons spanne baie uit na die res van die seisoen.

Volgende jaar wag 'n groot hoogtepunt – ons nuwe tennisbaan! Oefening en wedstryde op die nuwe baan gaan beslis vir nog meer gees en beter spel sorg.

Laerskool Voorpos se tennisspelers is vol opgewondenheid en trots en ons weet dat ons tennis net nuwe hoogtes sal bereik. Die toekoms lyk blink!









# MINISAGTEBAL

## Minisagtebaldag by Laerskool Skuilkrans

Ons het ons laaste minisagtebaldag van die seisoen by Laerskool Skuilkrans gespeel. Dit was 'n heerlike afsluiting van 'n suksesvolle seisoen waarin die kinders ongelooflik mooi ontwikkel en verbeter het – nie net in hulle spel nie, maar ook in spanwerk en sportmangees.

Baie dankie aan al die ouers vir julle ondersteuning regdeur die seisoen. Julle betrokkenheid het dit vir die kinders nóg meer spesiaal gemaak.









# KRIEKET

Ons spanne het die afgelope week weer goeie vertonings op die krieketveld gelewer. Die o/12-span het 'n puik wedstryd teen Southdowns gespeel en 'n welverdiende oorwinning behaal. Hulle spanwerk en deursettingsvermoë het regtig die verskil gemaak.

Die o/13's het ook sterk opgetree en hul wedstryd gewen. Met goeie boul- en kolfspel het hulle die oorhand gekry en die spel selfversekerd afgesluit.

Die o/11's het teen Magalieskruin gespeel en uitmuntend gevaar. Met uitstekende veldwerk en skerp boulwerk het hulle die oorwinning behaal. 'n Hoogtepunt van die wedstryd was Theo Scherman se ongelooflike prestasie – hy het 5 paaltjies geneem en slegs 9 lopies afgestaan. Dit was beslis 'n wedstryd om te onthou!

Ongelukkig het die o/13-span teen Magalieskruin verloor. Alhoewel die spelers dapper geveg het, het dit nie hierdie keer na hul kant toe gegaan nie. Hulle kan egter trots wees op hul deursettingsvermoë.

**Theo Sherman**

**5 paaltjies in 4 beurte vir 9 lopies**







# SAGTEBAL

## Sagtebaldag teen Laerskool Danie Malan en Laerskool Villieria

So kom ons sagtebalseisoen vir 2025 amper op 'n einde. Ons het verlede week teen Laerskool Danie Malan gespeel. Ons o/10 en o/11 spanne het Danie Malan behoorlik laat les opsê, maar ons o/12 en o/13 spanne het ongelukkig verloor.

Ons o/13's het Donderdag hulle wedstryd teen Laerskool Villieria gespeel en met 2 punte gewen.

Ons het 3 spanne wat deurgaan na die uitspeelwedstryde wat op Donderdag, 18 September by Crafford plaasvind. Baie geluk aan hierdie spanne en sterkte vir die laaste wedstryde.









# NUWE KLASKAMERS

Die bouwerk aan ons twee ekstra klasse vorder goed en behoort teen die einde van die week afgehandel te wees. Dit is lekker om te weet dat ons skool groei en vooruitgaan.

Dankie vir almal se begrip rondom die reëlings van die badkamers.










# -berig

**Koorfees Uitnodiging: Noot vir Nood**

Ons is verheug om aan te kondig dat albei ons kore op 20 September die geleentheid sal hê om deel te neem aan die Noot vir Nood Koorfees. Hierdie is 'n besonderse en betekenisvolle gebeurtenis wat nie net musiektalent uitlig nie, maar ook die gemeenskap byeenbring in 'n viering van sang en samehorigheid. Ons nooi ouers, vriende en belangstellendes uit om hierdie spesiale aand saam met ons te beleef. Kom ervaar die vreugde van koormusiek en ondersteun ons kore in hierdie unieke geleentheid.



# Belangrike datums vir die week:



**Maandag, 15 September 2025**
- Krieket: o/9 B-span @ L/s Stephanus Roos (Tuis)
- Tennisliga

**Dinsdag, 16 September 2025**
- Krieket: o/12 A-span @ L/s Stephanus Roos (Weg)
- Krieket: o/13 A-span @ L/s Stephanus Roos (Tuis) - VOORLOPIG



**Woensdag, 17 September 2025**
- Krieket: o/9 A-span @ L/s Stephanus Roos (Weg)
- Krieket: o/10 B-span @ L/s Stephanus Roos (Tuis)

**Donderdag, 18 September 2025**
- Krieket: o/10 A-span @ L/s Stephanus Roos (Weg)
- Krieket: o/11 A-span @ L/s Stephanus Roos (Tuis)
- Sagtebal: Liga Uitspele o/10 @ TBC; o/11 @ L/s Villieria; o/13 @ L/s Villieria (Weg - Crafford)



**Vrydag, 19 September 2025**
- Krieket: o/11 en o/13 Dag/Aand @ L/s Monumentpark (Tuis)

**Saterdag, 20 September2025**
- Bergfietsry

# ADVERTENSIES






# ADVERTENSIES




## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za